

## Sing vooraf staande: Psalm 31:15 (p. 147)

15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!  
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 107:4 (p. 534)

4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan  
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan;  
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,  
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

## Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

## Psalm 119:6 (p. 587)

6 In u wet smaak ek 'n vreugde / groter as waar hy van weet  
wat sy goed en aardse skatte / in hul waarde nie kan meet.  
Daarmee bly ek altyd besig, / daar't my soetste oorroepsing is;  
mag maar niks die bron van vreugde / ooit uit my gedagte wis.

Gebed

## Psalm 86:2 (p. 431)

2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Skriflesing: Romeine 12

Teks: Romeine 12:12

**Verbly julle in die hoop; wees geduldig in verdrukking; volhard in die gebed.** (Romeine 12:12 AFR53)

Wie van ons besit nog werklike lewensblydskap?

- Het ons nie al almal mense geword wat die werklike christelike blydskap verloor het nie?
- Mense wat hoop verloor het nie?

Die christelike godsdiens is 'n godsdiens van blydskap. Dit staan tog duidelik geskryf.

- Die Here Jesus sê dan dat Hy hierdie dinge vir ons gesê het, sodat sy blydskap in ons bly en ons blydskap vervul word.
- Paulus skryf:

**Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!** (Filippense 4:4 AFR53)

Ons behandel nie dalk soms ons godsdiens op so 'n manier dat dit lyk asof ons godsdiens goed by 'n begrafnis pas, maar nie by 'n bruilof nie?

- Ons jong mense verkeer soms onder die indruk dat godsdiens iets is wat beter by die ou mense pas want dit is te ernstig.
- Dit pas nie by jong mense nie!

*Geliefdes, dit is vals om op so 'n manier godsdiens te beoefen. As ons die blywende vreugde uit ons harte uitsluit, sluit ons die werklike diepte van ons godsdiens uit ons hart.*

Paulus dink hier aan die stryd wat elke mens in sy lewe moet deurmaak. Al die dinge wat ons lewens moeilik maak kom hier in ons gesigsveld.

- Dit is alles. Droogte. Ons kinders wat ons teleurstel. Te veel reën. Swak oeste. Dood. Hartseer. Terugslae in ons lewe.

Teen hierdie dinge leer die Here ons van hoop.

- Die hoop in die Here Jesus Christus wat die krag van ons lewe is en wat 'n bron tot vreugde en blydschap is in elke Christen se lewe.
- Hierdie hoop en lewensvreugde is dit wat ons geduldig laat bly in al die verdrukkinge wat oor ons kom.

Maar ons moet eers begryp wat die Here ons hier leer met die woord *hoop*, voordat ons kan begryp waarom ons daarvoor kan bly wees en waarom die Here sê dat die vreugde daarvan ons lewens moet oorheers.

- Dit gaan in hierdie teks om die voorlopigheid van hierdie lewe en die heil wat ons gaan ontvang wanneer hierdie bedeling verby is.
- Die Here wil hê dat hierdie jong gemeente van Rome steeds in hulle gebede die Here Jesus Christus moet verwag.
- Die dinge wat die Here belooft vir die hiernamaals moet hulle juis die krag gee in hierdie lewe.

Ons moet hoop op die lewe met God hierna.

- Hierdie hoop moet veerkrag aan ons lewens gee.
- Dit moet maak dat ons met blydschap deur al die aanvegtinge heen leef,
- maar dit moet ook krag aan ons lewe gee sodat ons elke terugslag kan oorwin.

Hoop het hier twee betekenisse.

- Die eerste betekenis van hoop is die aksie. Dit is om te hoop.
  - Ons het die moontlikheid dat ons iets beters verwag. Dit is hoop.
  - Die mense wat Christus nie as Verlosser het nie, kan nie hoop nie, want hulle het niks om voor te lewe nie.
  - Wees daarom bly dat die Here julle die hoop gegee het wat die ongelowiges nie het nie.
- Die tweede een is hoop as voorwerp. Dit beteken dit wat ons hoop.
  - Dit is die hoop op die nuwe bedeling hierna.
  - Dit is die vervulling van die tyd wat met die opstanding van Christus al begin het – dis die heerlijkheid wat aan ons gegee sal word met die wederkoms van die Here Jesus Christus.
  - Tussen al die smarte van die wêreld deur het ons wat glo nog rede tot blydschap, want hierdie hartseer is aan die verbygaan – ons het die belofte dat ons aan die einde van ons verdriet die ewige heerlijkheid van God se koninkryk mag ingaan.

Dan beteken hierdie teks: *verheug julle in die dinge wat God vir julle waarborg*. Die Romeinebrief is vol van hierdie bemoediging tot hoop. In hoofstuk 8:18 staan daar:

**Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.** (Romeine 8:18 AFR53)

Luister ook na vers 24 en 25:

**Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.** (Romeine 8:24, 25 AFR53)

Op 'n ander plek word ons ook bemoedig om nie moedverlore te word nie (Hoofstuk 5:3-5):

**... ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.** (Romeine 5:3-5 AFR53)

*Hier word ons tog in soveel woorde geleer dat ons in ons stryd die hoop op God en verlossing so naby aan ons het – so naby dat God die Gees in ons is om ons in sulke tye te verseker van die verlossing deur die Here.*

In 1 Tessalonisense 1:6 noem die Bybel die blydschap: *blydschap van die Heilige Gees.*

- Dan is blydschap en lewensvreugde 'n teken van die inwoning van God in jou.
- Lewensblydschap is die hoop op die liefde van Christus.
  - Wat is daar wat ons kan skei van die liefde van Christus? Nie verdrukking of benoudheid nie en ook nie eers gevaar of vervolging of honger nie.
  - Deur die oomblikke van die diepste lyding en benoudheid is Christus en die hoop op verlossing steeds by ons.
  - Dit is hierdie hoop wat ons in verdrukking geduldig maak en steeds die krag gee om te bid.

*Calvyn het eenkeer gesê dat niemand sy kruis gewillig en met 'n geruste gemoed kan dra as hy nie eers geleer het om sy geluk buite hierdie wêreld te soek nie. Hierdie troos versag die bitterheid van ons beproewinge.*

Verbly julle in die hoop! Dit leer ons ook om 'n positiewe lewenshouding te hê.

- Moenie sit en vergaan in jou ellende nie. Doen iets aan die saak. Draai die saak om. Verander dit van negatief na positief.
- Jý moet die oorwinnaar wees en nie die swaarkry in die lewe nie.
- Verbly jou in die hoop. Kry jou lewensingesteldheid in Jesus Christus reg!

Die hoop op die koninkryk van God is 'n Christen se lewensplig.

'n Donker lewe sonder hoop en sonder blydschap en dankbaarheid is 'n lewe wat nie by 'n Christen pas nie.

- Iemand wat altyd ontevrede is, of iemand wat nie met oorgawe kan lag nie, en wat nie diep bly kan wees nie, is iemand sonder hoop.
- Iemand wat die blydschap en die lewe in Christus nie het nie.
- Die heidene is so. Hulle het geen hoop nie en daarom lewe hulle treurig. Hulle steek hulle verlies weg agter 'n hol lewe met leë blydschap.

Die Here onderrig ons hier en leer ons dat dit nie noodwendig daarom gaan in die lewe dat ons ons ongeluk en teëspoede moet ontduik of daarvan vrygeskeld word nie.

- Hy leer ons hoe dit moontlik is dat 'n Christen onder al sy swaarkry 'n oorwinnaar moet wees in die vreugde en krag van die Here.
- Martin Luther het by hierdie teks geskryf dat 'n Christen nie moet probeer padgee nie, maar die verdrukking moet verdra.

Die Christen se hoop is op die liefde van God wat uitkoms gee.

- Sy hoop is op God wat die lyding versag.
- Sy hoop is op die verwagting van die onoortreflike heerlijkheid wat God ons sal gee na ons lyding hier.
- Ons hoop is op dit wat onwankelbaar vasstaan in die raadsplan van God.

Daarom moet ons aan ons hoop uitdrukking gee. Dit is nie iets waaroor geswyg kan word nie. Dit is waarom ons onder die leiding van God se Gees kan sing:

*Maar die Heer sal in my lewe weer oordag sy guns gebied,  
ook deur donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied.  
Ja, ek lofsing in die nag, want ek bly die Heer verwag.  
my gebed sal opwaarts strewe, na die Bronwel van my lewe.*  
Psalm 42:5 (Totius-beryming)

Ons hoop is op die dag dat God die trane van die oë sal afvee.

- Die dag wanneer daar nie meer smart en teleurstellings sal wees nie.
- Die dag wanneer ook die dood verbygegaan het en net die gejuig van die lewe oorbly.

Dan het ons mos hoop. Dan moet ons mos blydskap ook betoon.

- 'n Mens kan net bly wees as jy hierdie rykdom van 'n lewe met God ken.
- As ons dit nie gehad het nie, wat sou hierdie lewe vandag vir ons beteken het?
- As ons nie geweet het dat God sal voorsien in die behoeftes van ons land en van elkeen van ons persoonlik nie, waarom sou ons verder wou lewe?

Maar ons het die krag van die hoop in die Here Jesus Christus en die gebed.

- Die gebed laat die spot op die duiwel se mond verstom.
- Die gebed en die hoop bind die satan se mag sodat sy geweld oor ons tot stilstand kom.

Die dag wanneer die Here kom, gaan die mag van die satan finaal gebreek word en die mag van die satan totaal ontbind word.

- Die duiwel kan ons nie van God af wegroof nie, daarom probeer hy net om die blydskap in Christus uit ons lewens uit te vee.

Maar, geliefdes, pasop vir 'n valse of oneerlike blydskap – 'n blydskap in die wêreld maar sonder God. Laat die blywende hoop op die heerlijkheid van God u lewe vreugde gee.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 84:5 (p. 425)

- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,  
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 25 Augustus 2013